

WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3

Mei 1997

Vol. 28

EEN KLEUR ROOI - BEER, ROOS EN KETTING

Is daar plek vir 'n gereformeerde vakbond?

Dit was vir 'n kort rukkie in 1922 dat Nasionaliste en Kommuniste aan dieselfde kant van die sandsak gestaak het. Dit was met die staking in Johannesburg en aan die Oos-Rand toe myners aan dieselfde kant teen die regering van Jan Smuts geveg het. Die staking is deur Jan Smuts met miliêre mag beëindig. Die samewerking tussen die Nasionaliste en Kommuniste was van korte duur. Albei het hulle eie uiteenlopende agendas en doelwitte gehad. Die Nasionaliste en Kommuniste se paaie sou gou daarna skei - die twee bly aartsvyande wat om dominansie kompeteer. Ses-en-twintig jaar daarna, in 1948, het die Nasionaliste die mag bekom. Ses-en-veertig jaar daarna, in 1994, het die ANC die mag bekom met die leeu-aandeel van die kommunisties-gesinde vakbond COSATU. Dis waar ons, as gereformeerdes in Suid Afrika, ons vandag bevind - onder sosialistiese bewind waar vakbonde bykans die septer swaai. Die vraag ontstaan nou of daar plek voor is dat die gereformeerdes ook moet begin dink om te organiseer in vakunies? Voordat mens dié vraag kan beantwoord, moet ons eers goed kyk na sosialisme wat die teelaarde van vakbonde is.

Rooi beer en roos

Daar is verskeie vorme van sosialisme. Ons kan 'n paar voorstel met die beelde van 'n beer, 'n rooi roos en 'n ketting. Ons het grootgeword om die groot rooi Beer (Rusland) te vrees. Die beer was die simbool van brutale breekmag en geweld. En toe verdwyn hy en almal sing "gogga het vir baba bang gemaak". 'n Ander vorm van sosialisme is die rooi roos. Dit wil basies dieselfde as die beer bereik maar verfynd - gelyke beregtiging vir almal, die uitroeiing van armoede en die verdwyning van enige vorm van diskriminasie. Hierdie vorm van sosialisme vind mens in die denke van Francois Mitterand (die vorige president van Frankryk) en ook van Tony Blair, die huidige Britse eerste minister, (wat lid van die Anglikaanse kerk is). Suid-Afrika het 'n mengsel van al dié vorme van sosialisme. Tyd sal leer of een van hulle uiteindelik die oorhand sal kry.

Die vraag waarmee gereformeerdes gekonfronteer word, is hoe ons teenoor sosialisme moet staan. Laat ons nou maar die teoretiese gesprek daaroor

laat staan en slegs aantoon hoe die sosialisme ons lewenswyse en denke al begin beïnvloed het. En dit sal ons by die ketting bring.

Sosialisme word tans deur die Marxiste en kommuniste op die samelewing afgedwing deur die volgende:

- ★ Alles moet volgens 'n kwota gedoen word om die samestelling van die gemeenskap te weerspieël.
- ★ Ons word deur arbeidswetgewing en vakbondoptrede gedwing om kennis te maak met sosialistiese praktyke soos stakings, "go-slows", loononderhandelings, uitdink van en aanspraak op regte, ens.

- ★ Tot ons verbasing word ons aangemoedig om deel te neem aan die vakbondproses - met die enigste vereiste dat dit nie op 'n rassegrondslag gebaseer mag word nie.

- ★ Baie gelowiges begin voel dat as die ANC dit kon regkry om hulle spiere te bult, "kan ons ook begin opstaan vir ons regte". Alhoewel nog onkundig oor die "hoe" van die proses, is ons stilweg beïndruk met die effektiewe mag van vakbonde, al stem ons nie aldag saam met die redes vir hul optrede nie.

- ★ In die skole word sosialisme ingevoer (Kurrikulum 2005) om die klem op individuele gawes en uitlewing te verminder en klem te lê op kollektiewe prestasie en vermoë. Selfs die

In hierdie uitgawe:

- ★ EEN KLEUR ROOI - BEER, ROOS EN KETTING
A.L.A. Buys 1
- ★ Skrifoordeking:
BID EN BOU
Ds. J.H. Velema 4
- ★ DIE BEKER EN TAFEL
BY DIE NAGMAAL
Prof. G.J.C. Jordaan 5
- ★ DIE WêRELD IS ONS WONING
Dr. C. van der Waal 8
- ★ Boekresensie: Is die kerk funksioneel?
A.L.A. Buys 9

eksaminering word aangepas om meer in te pas by sosialistiese standaarde. In die skole word nie meer van "slaag-en-druip" gepraat nie maar van "oorgeplaas na volgende vlak".

Ketting

Die groot gevaar vir die gelowiges in Suid-Afrika is dat hulle nie die mees subtile invloed van sosialisme sien nie - die ketting. Hierdie ketting bind mense en hulle denke so aanmekaar dat dit oor 'n tydperk niks anders as slawerny word nie. Die groot gevaar van die sosialistiese bindingsketting is dat in plaas daarvan dat dit teengestaan word, die gelowiges dit eerder wil na-aap.

Vir denke oor 'n gereformeerde vakbond al dan nie is dit krities belangrik. Die gevaar van die sosialisme kan uit verskillende hoeke beoordeel word. Na 1994 ly die meeste gelowiges aan homskok en probeer nou in nuwe, verwarrende omstandighede ekonomies oorleef (baie met pakkette wat die sosialiste uitdeel met die doel dat hulle hulle poste ontruim). Voordat mens die vraag na 'n gereformeerde vakbond kan beantwoord, moet ons eers vra of die sosialisme 'n gevaar inhou vir die kerk van Christus? Verskeie antwoorde word oorweeg. Dit maak nie saak hoe ons teenoor sosialisme staan nie, een ding is seker: sosialisme is op pad om die oorhand te kry. Die veel-fasettige geveg teen sosialisme is bykans verloor. Wanneer jy 'n geveg verloor, dan vra jy na die oorsaak. Jy bestudeer jou opponent en vergelyk jou wapens met syne. Dit het ook gebeur na die 1994-verkiesing wat die ANC/Kommuniste aan bewind gebring het.

Gelowiges vra ook vrae oor hoe ons in Suid-Afrika moet leef in die nuwe omstandighede. Wat verwag Christus, die Regter en Verlosser, van ons, sy kerk, terwyl Hy aan die kom is om ons te kom haal en die wêreld te oordeel?

Gevare uit die sosialistiese situasie, wat ons geloofsoptrede kan kelder, is die volgende:

Naïewes

Daar is naïewes wat gedink het almal gaan mekaar vergewe, almal gaan soen en vergewe. Hulle is verlig oor die nuwe stand van sake, aangesien 'n ideologie ontman is. Stelselmatig kom daar egter 'n onvergenoegtheid na vore, wanneer al hoe duideliker ingesien word dat dit nie oor 'n nuwe regering gaan nie, maar oor 'n nuwe orde.

Werklikheidsvreemdes

Daar is diegene wat doodeenvoudig net nie begryp dat 1994 ver oor die sewe op die rigterskaal registreer nie. Daar is 'n na-hunkering na, en terselfdertyd 'n walging aan die verlede. Baie het onwetend nog versteekte koloniale sienings. Dit is gelowiges wat in die wolke begin leef en

werklikheidsvreemd begin optree, aangesien hulle geen Bybelse antwoord het op wat aan die gebeur is nie behalwe om sugtend te sit en wag vir die wederkoms.

Natuurlik is die wederkoms 'n troos en groot krag vir ons. Maar dit mag ons nie verlam nie. Die wederkoms is nie iets wat net die toekoms bepaal nie, dit het definitiewe gevolge vir ons lefwêreld vandag. Vergelyk Christus se opdrag by sy wederkoms - daar staan niks van wegkruip, sug en binnesmonds vloek nie. Dit is teen hierdie agtergrond wat die vraag na 'n gereformeerde vakbond aktueel word. Is daar plek vir so 'n vakbond in die sosialistiese Suid-Afrika wat al hoe meer ons toekoms sal kenmerk?

Pragmatiste

Diegene wat nie van sosialisme hou nie, maar hulle metodes wil toepas, kom al hoe meer na vore. Dit is mense wat hulle geloof vir eendag hou, vir die wederkoms, maar wat intussen maar pragmaties planne maak soos die heidene. Daardeur word die uiteindelijke doel van 'n vakbond miskien gewysig. Daar word geredeneer: as iets werk, waarom mag ons dit nie gebruik nie?

Vluggers

Moedeloosheid, landsverlating of dat ons onsself inkluister in kerkgronde en agter die hoe heinings van ons huise, kom al meer voor. Dit sal fataal wees as die gereformeerdes nie opstaan met die strydkreet "alles vir Christus" nie. Dit sal hier ons ondergang beteken as ons dink ons gemeentelewe, die erediens, en ons normale kerklike lewe is genoeg om ons wa deur die drif te trek. Ons kerke mag nie kloosters word waarin ons terugtrek omdat ons die "nuwe Suid-Afrika" ongemaklik vind nie. Ons is nie Rooms nie. Ons kerke mag nie gereformeerde kloosters word met die skool, ouetehuis en kerkgebou netjies op een erf nie. Dit sal 400 jaar se reformasie van die tafel af wee. Kloosters is om die roeping in die wêreld te wil vermy met 'n skyn van vroomheid. Klooster-denke bedreig die hart van die gereformeerde lewe. Christus is die koning van alles - dit sluit die hele Suid-Afrika met sy werkers en sy stakings in. En ons moet hier getuig met ons daade. Kloosterkoloniste is nie geskik om te bid: laat u koninkryk - in die nuwe Suid-Afrika - kom nie.

Vlug, emigreer, selfmoord? Is dit werklik opsies? Wie roepingsbewus lewe, gaan waar God hom en haar stuur. Ons moet minder aan ons grond en goed verknog wees en meer ons roeping ervaar, waar God ons ookal heen stuur. Dit is die werklike bevryding daarvan om dissipels van Jesus Christus te wees.

Wêreldkerkers

Ons kan so verwêrelds dat ons die sosialisme en sy praktyke oorneem met die verskoning dat die

doel die middele heilig. Maar in God se oë is die middele baie keer die doel. Om wapens met die sosialiste uit te ruil, sal die kerk van die Here niks in die sak bring nie. Die kerk het in hierdie eeu so baie verwêrelds dat ons om die beurt demokrasie, kapitalisme en sosialisme as wettige middele sien om die doel van die Koning en sy ryk te bereik.

Nuwe gereformeerdes

Ons het geen ander opsie as om nuut te dink oor ons situasie, ons roeping en ons rol in die lewe nie. Die ou paaie sal nie deug nie. Daar is baie wapens om van te kies. Nasionalisme is een so 'n wapen. Kragtig en sterk is dit wel, maar hoe gehoorsaam is dit aan God? Die doel heilig nooit die middele nie. Christus se bloed heilig ons tot sy doel - sy koningskap. Bkering is 'n voorvereiste vir baie sake. Indien dit gebeur, kan mens begin dink oor wat 'n gereformeerde vakbond behoort te wees. Nooit 'n beer wat skeur nie, nimmer 'n verleidelike roos wat 'n onheilige doel wil heilig nie en beslis nie die ysterketting van slawerny wat mense dwangmatig wil bind nie.

Hoe lyk 'n gereformeerde vakbond?

Tans bestaan daar nog nie 'n gereformeerde vakbond nie. Daar bestaan werkers wat probeer saamstaan, soms op rassistiese grondslag, om hulle sosio-ekonomiese en politieke doelwitte te verwesenlik. Daar is egter 'n weg na 'n gereformeerde vakbond - maar sal daar mense wees wat gehoorsaam genoeg aan Christus is om dit 'n werklikheid te maak?

As mens van 'n vakbond praat, praat jy ten eerste nie oor die werkers nie. Jy bely oor die God wat al die werk gee: Hy is die werkgewer. Dit is die kritiese verskil tussen kommuniste en gereformeerdes, tussen ongehoorsame vakbonde en 'n gereformeerde vakbond.

Heilige ywer

Wanneer daar na die rol van sosialistiese vakbonde in Suid-Afrika gekyk word, dan moet die gereformeerdes instem dat hulle ywer vir die onheilige beskamd is. Verder moet die gereformeerdes ook bely dat ons, as dit by arbeidsverhoudinge kom, nie los is van ons Rooms-Katolieke ingesteldheid het om kerklik en sekulêr te dink nie. Dit het meegebring dat ons ons profetiese roeping gruwelik versaak het. As ons werklik bewoë was oor die geregtigheid wat Christus vir ons gebring het, en as ons werklik die volle omvang daarvan bely het, sou ons alle ongeregtighede nie ongesiens laat verbygaan nie. By baie gereformeerdes het die liefdesgebod se uitlewing maar 'n baie beperkte trefwydte.

Wie van ons kla oor kinderarbeid? Wie wil werklik sy arbeider betaal wat hy werd is? Wie dink en doen dinge vir die werkers? Die sosialistiese kommuniste, nie die gereformeerdes nie. Hierdie is

nie 'n skuldkompleks nie. 'n Skuldkompleks sê waarom het ons nie gedoen wat nou gedoen word nie? Maar daarmee kan nie saamgestem word nie. Die sosialisme - hoe goed bedoel ten opsigte van die werker - is 'n onbybelse ideologie en is gedoem om te faal. Want die kommuniste sê: Alles wat joune is, is myne. Die gereformeerde sê: Alles wat myne is, my gawes, my besittings, my werkkrag en geloof, is tot diens van God en my naaste. (Die kapitalis, terloops, sê: Alles wat myne is, bly myne om meer te word vir my uitsluitlike gebruik). Die sosialisme, hoe ook al vermom, sal sy kinders verteer. Geen goed sal daaruit voortkom nie.

Die klag wat hier gelê word, is dat gereformeerdes nog steeds oor sekere sake Rooms dink. Daar word doodeenvoudig net nie gedink, gepreek, gepraat oor wat Christus se regering oor die werksterrein VIR ALMAL inhou nie. Goed, ons preek oor harde werk en eerlikheid, maar is ons ernstig om ongeregtegtigheid in die makro-ekonomie aan te spreek? Het ons al gedink oor die heidense wortels van naakte kapitalisme? Dit is ongelukkig so dat die gemiddelde gereformeerde net nie kan saamgesels met die gemiddelde kommuniste as dit by ywer kom nie. Is die kerk besig met selfsugtige sake, of is ons besig om die volle implikasies van Christus se hoofskap te bely en te beleef?

Dit is nie goed as die heidene ons voorgaan in hulle ywer vir hulle afgode nie. Hier is 'n groot bekeringsoproep. 'n Gereformeerde is 'n brandende mens. Dit beteken dat ons leefwêreld rondom ons in gehoorsaamheid aan Christus gebring moet word. Hier gaan dit oor ons werkplek. Erens het daardie ywerlont by ons doodgegaan, en voordat dit nie weer brand nie, sal die sosialisme nie net oor ons spoel nie, maar ons uiteindelik ook hier uit Afrika verdryf. Het die gereformeerdes nog 'n passie vir God - buite die veilige dampkring van die kerkgebou?

'n Gereformeerde vakbond moet dus die volgende kenmerke hê:

★ Die vakbond moet 'n verterende ywer vir God hê. Liefde tot God moet die alles-beheersende ideaal wees. Alles moet daaraan gemeet word. Niks moet te groot wees om vir God te doen nie. Die vakbond moet werklik verbind wees om die samelewing te reformeer na God se wil.

★ Die vakbond moet deeglik bewus wees daarvan dat die meeste ander vakbonde voorbeelde is van hoe om aan God ongehoorsaam te wees. Die leuse: die doel heilig die middele, mag nooit gehoor word nie. Daar kom baie valse onderskeidings voor wat dodelike slaggate is wat verniy moet word soos die kunsmatige onderskeid tussen "werkgewer" en "werknemer". Almal is voor God werknemers. Elkeen het 'n roepingstaak om te vervul.

★ Die vakbond moet van die begin af alle naïewiteit afgee. As die Here Dawid se hande kan leer om oorlog te voer, dan wil God sy kinders leer wat werk alles behels. Hierdie opvoeding van God sluit ook in die organisering van die werkvermoë, en die doelmatige aanwending daarvan.

* Die vakbond moet nie mense ontmens deur hulle óf net as individue te sien óf net as 'n kollektiewe magsbasis nie. Mense is werkers, na die beeld van God geskape. God verwag van elkeen en almal verantwoordelikheid. Nooit mag daar van "arbeid" gepraat word asof dit 'n selfstandigheid is nie. Mense is werkers in hulle gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God die werkgewer.

* Van die begin af moet die vakbond reformierend wees. Dit beteken mens begin by die huidige situasie met al sy uitwasse en jy spreek dit prioriteitsgewys en Skriftuurlik aan. 'n Vakbond wat net in die verlede wil leef, kan per definisie nie aan God gehoorsaam wees nie.

* Die vakbond moet inherent anders wees. Dit help nie om die gereformeerde vlaggie op enige skip te wil hys nie. Die vakbond moet innerlik ingestel wees om te verander na die Woord van God. Hierdie verandering moet dan kragdadig na die samelewing gebring word. Dit is reformasie van die werkplek. Die satan sal nie daarvan hou nie. Daar sal dus stryd wees. Maar reformasie is stryd - 'n wonderlike oorlog wat reeds by Golgota gewen is.

* Van die begin af moet die vakbond deeglik ingestel wees op skriftuurlike, ontologiese navorsing oor wat werk en rus alles inhou. Die instelling van 'n navorsingsinstituut, waaruit selfs 'n universiteit kan groei, is 'n dringende vereiste.

* Daar moet 'n diep roepingsbewustheid leef wat aangekweek en aangeleer moet word. Daar is maar min werkers wat hulle werk as roeping voor God sien - die meeste "verdien 'n salaris". Die situasie is dus haglik; daar sal baie bekerende opvoedingswerk gedoen moet word.

* Die vakbond moet nie bang vir stof wees nie. Ons leef duskant die graf as vuil sondaars wat die redding van Christus bely. Die nuwe Jerusalem is nog nie hier nie. In kontras met die kommuniste mag so 'n vakbond nie 'n paradys op aarde beloof wat aan hierdie kant van die graf sal wees nie. Aan die anderkant mag daar geen klooster-gesindheid wees om onreg te handhaaf net omdat Christus kom en Hy eendag alles sal regmaak nie. 'n Heilige dringendheid is nodig. Sonder om die hemel na die aarde te ruk, buite Christus om, maar ook sonder om die aarde in sy modder te laat lê los van Christus. Hier lê die heerlike roeping van so 'n vakbond. Christus se koningskap moet in die werkplek beleef en bely word. In Christus het die hemel by die aarde uitgekom. Dit is dus die moeite werd om sodanig te werk te gaan.

* 'n Gereformeerde vakbond moet ekumenies wees. Wêreldwye kontakte moet op- en uitgebou word. Hulle mag die kreet hê: Werkers verenig - IN CHRISTUS.

* 'n Gereformeerde vakbond is nie 'n kerk-by-die-werk nie. Dit is nie bybelstudie met teepouse nie. Dit is nie bybelversies teen die muur nie. 'n Gereformeerde vakbond is 'n leefwyse van werkers wat gehoorsaam aan Christus hulle roeping wil vervul - dit sluit ook hulle roeping as burgers in.

* 'n Gereformeerde vakbond is seker een van die grootste uitdagings wat vir die gereformeerdes in ons tyd voorlê in die volgende dekades. 'n Gereformeerde vakbond is nie 'n luukse stokperdjie vir sogenaamde charismatiese dwepers nie. 'n

Gereformeerde vakbond is uiteindelik 'n roeping. En waar God roep, daar werk sy Heilige Gees. 'n Gereformeerde vakbond sal 'n be-Gees-terde organisasie wees. Vir 'n gereformeerde is daar ook net een kleur - rooi. Teen die rooi beer, roos en ketting moet ons die rooi reddingsbloed van Christus bely.

Waar mense is, is daar altyd op die aarde werk. Daar is nou werk - op hierdie aarde. Maar is daar mense - in hierdie sosialistiese tyd - mense wat gehoorsaam aan die Gees van Christus, reformierend wil werk?

A.L.A. Buys

★★★★★

Skrifoordenking:

BID en BOU

Oordenkinge van Nehemia

Ds. J.H. Velema, soos vertaal uit sy boek *Biddend Bouwen*, Uitgeverij J.J. Groen en Zoon, 1995.

Pleitgrond

Neh. 1:8a: Dink tog aan die woord wat U aan Moses, u kneg, beveel het

Hoe durf 'n sondige mens tot God bid?

Dit is tog 'n geweldige teenstelling - 'n heilige God en 'n onheilige mensekind.

Daar is maar een antwoord: die Here Self wil dat daar tot hom gebed word, en Hy weet wie die bidders is. Van hulle is niks te wagte nie. Hulle hoef Hom ook niks te gee nie; hulle kan hom niks aanbied nie. Maar Hy gee Self Sy Woord in die hande van sondige mense. Hy skenk sy beloftes aan ontroue sondaars. Die groot geheim is nou om daarvan gebruik te maak.

Dit doen Nehemia. Hy spreek die Here aan met twee name: Here, God van die hemel (vers 5). Here - dit is die Verbondsnaam. Dit is die naam van Hom wat trou bly tot in ewigheid. Hy laat nooit vaar wat hy begin nie.

As Nehemia skuld bely het, pleit hy op God se beloftes wat reeds aan Moses gegee is. Hy herinner die Here aan Sy eie woord. Dit was 'n bedreigende woord, want as die volk sou sondig, sou Hy hulle onder die volke verstrooi. Maar dit was ook 'n belowende woord: as die volk hom sou bekeer, sou Hy die volk weer terugbring uit die verste uithoeke van die wêreld.

Nehemia pleit op God se verbond wat Hy eens met die volk gesluit het. U het die volk tog nie vroeër gered om hom nou te laat omkom nie? Die volk kan tog nie so ellendig wees dat dit rondgestamp

en daarmee gespot word deur vyande wat ten diepste U vyande is nie?

Nehemia lê hom nie neer by die beklagenswaardige situasie van sy volk en stad nie. Dit is tog U knegte en U volk wat U verlos het deur U grote krag en U sterke hand?

Ons het in onself niks om op te pleit nie. Ons het dit bederf en verbrou. Maar nogtans - aanskou die verbond wat van U uitgegaan het.

Dit is bid, worstel en pleit.

Dit is om tot die Here te gaan, op grond van die Here, om die Here Self, om Sy guns.

Daarom die dringende, klemmende bede: laat tog U oor let op die gebed van U kneg. Hoor tog, Here, en verhoor my. En nie alleen my gebed nie, maar ook die gebed van al U knegte wat die lus het om U Naam te vrees. Daar is vreugde in die vrese omdat Nehemia weet: hy is sondaar en tog dienaar van hierdie God.

Moet ons onself nie aankla omdat ons nie alleen dikwels gebedloos is nie, maar veral omdat ons, wanneer ons bid, sulke slap bidders is nie?

Nehemia bid ootmoedig, maar terselfdertyd vrymoedig.

Dink aan die woord wat tot U kneg gespreek is, waarop Hy my verwagting gegee het.

Posisiebepaling

Neh 1:11b: ... en verleen hom barmhartigheid voor die oë van hierdie man. Ek was naamlik skinker van die koning.

Dit is van die grootste betekenis dat ons sal weet wie ons is en waar ons staan. Die bepaling van ons posisie is van belang vir ons daad, maar net so belangrik vir ons geloof.

Nehemia het skuldbelydend gebid, gepleit op Gods verbond met sy volk Israel. Is hy nou klaar en wag hy maar rustig af wat verder sal gebeur? Nehemia is 'n man van die daad. Hy buig diep voor die Here, maar hy is tegelyk aktief vir die diens van dieselfde Here.

Nehemia bid (vers 11a): en laat dit tog vandag u kneg geluk. Wat moet hom geluk? vra ons onself af. Daar het in die laaste paar dae baie deur sy kop gegaan. Daar het 'n plan in sy brein ryp geword. En nou bid hy dat die Here Sy goedkeuring sal gee aan hierdie plan en hom barmhartigheid sal verleen voor die aangesig van hierdie man. Hierdie man - wie is dit dan? Dit kan niemand anders wees as die koning in wie se diens hy staan nie. Nee, Nehemia praat nie minagend van die koning nie. Daarvan is geen sprake nie. Maar voor God se aangesig is die grote Persiese koning hierdie man. In God se hand is die hart van hierdie man soos 'n waterstroom. En onmiddellik volg die verklaring: Ek was naamlik skinker van die koning. Skrywers soos Herodotus en Xenophon vertel dat dit een van die hoogste ampte aan die Persiese hof was.

So bepaal Nehemia duidelik die posisie van die koning en van homself. Hierdie koning is hierdie

man en ek is sy skinker.

Dit is asof Nehemia wil sê: dit is geen toeval dat ek in hierdie situasie hierdie posisie het nie. En omdat ek met hierdie man in hierdie posisie te make het, daarom sal ek van my posisie gebruik kan en mag, ja selfs moet maak. Maar dan altyd in afhanklikheid van die Here, wat aan elke mens sy eie plek gee en wat die hart van elke mens bestuur.

Gegee hierdie posisie, wat ek van die Here ontvang het, wil ek daarvan gebruik maak ten gunste van my volk, ten diepste tot eer van U naam. En daarom, laat my plan geluk en gee aan my barmhartigheid, wees my genadig voor die aangesig van hierdie man. Hy is die grote Persiese koning, maar hy is voor U hierdie man met wie U kneg te doen het.

Ons sal die lewe tog soveel rustiger kon beskou as ons nugter ons eie posisies en dié van ons medemenses voor God se aangesig bepaal. En hoeveel meer aktiwiteit vir God se saak sou daar van ons kon uitgaan as ons onself sou afvra wat ons op hierdie plek kan doen vir die saak van God se koninkryk. Ons kan van Nehemia leer dat ons moet bid en werk. Eers bid en dan werk. Terwyl hy bid, dink hy aan die werk en as hy binnekort aan die werk gaan, bid hy.

Biddend werk en werkend bid!

Bepaal u plek en bid en werk.

★ ★ ★ ★ ★

DIE BEKER EN TAFEL BY DIE NAGMAAL

Prof G.J.C. Jordaan

Om die beker-teken by die nagmaal goed te begryp moet ook ander Skrifgetuigenis rakende die beker in ag geneem word. In Joh 6:54-55 staan: "Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Want my vlees is waarlik spys en my bloed is waarlik drank". Hierdie verse spreek nie direk oor die nagmaal nie, maar is wel van belang vir die nagmaal. Jesus gebruik immers hier 'n uitdrukking wat onmiskenbaar by die nagmaal aansluiting vind, naamlik om "sy vlees te eet en sy bloed te drink".

In aansluiting by die uitstekende artikel van prof. L. Floor oor Johannes 6 en die nagmaal (Koers 1990:67-77), die volgende: Jesus sê hierdie woorde net na die vermeerdering van die brode (Joh 6:1-15) en sy wandeling op die see (6:16-21). In antwoord op die skare wat weer na Hom toe kom om kos te kry, wys Hy hulle daarop dat die verlossing wat Hy gee nie maar net liggaamlik is, soos die manna wat hulle voorouers in die woestyn ontvang het om hulle net tydelik aan die lewe te hou nie (v 31,49). Jesus self is die ware brood van die lewe (v 48,51). Om die ewige lewe te ontvang, moet hulle Jesus se vlees eet en sy bloed drink (v 54,55).

Hierdie woorde gebruik Jesus dus as beeld/simbool om na die volkome en innige gemeenskap met Hom te verwys: die gemeenskap met Christus is so innig asof ons sy vlees geëet en sy bloed gedrink het. Hierdie innige verborge lewensgemeenskap met Hom kom tot stand deur die geloof, 'n gemeenskap wat in die Nagmaal sigbaar voorgestel en plegtig verseker word.

Hierdie gedeelte stel dus die beginsel dat ons wesensdeel is met die versoeningswerk van die Here Jesus Christus. Dit word uitgebeeld deur die eet en drink van die tekens by die sakrament wat die simbole is van Jesus se liggaam en bloed.

In Hand 2:42,46 word nie na die beker verwys nie, maar dit het tog implikasies vir die nagmaal. Daar staan: "En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en die breking van die brood en die gebede ... En daagliks het hulle eendragtig in die tempel volhard en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet".

Te midde van verskillende interpretasies of Hand 2:42,46 na die Nagmaal verwys of nie, is dit duidelik dat die breek van die brood in hierdie twee verse in direkte verband gestel word met "volharding, gemeenskap en eendragtigheid". Hierdeur word aangetoon dat die breking van die brood minstens die gevoelswaarde van gemeenskapsbeleving gedra het. Hierdie gevoelswaarde moet dus ook aan die breking van die brood van die nagmaal verbind word, waaruit die gemeenskapskarakter van die nagmaal bevestig word.

Verder is dit belangrik dat die breking van die brood "van huis tot huis" plaasgevind het. Tog is dit uit Hand 2:46, 5:12 duidelik dat al die gelowiges by die tempel saamgekom het. Blykbaar sou dit byeenkomste van meer as 3000 gelowiges wees. Dit blyk egter uit die gedeeltes soos Hand 2:42,46 dat die beleving van die gemeenskap nie van sulke groot samekomste afhanklik was nie, maar dit het in kleiner gemeenskappe "van huis tot huis" plaasgevind.

In 1 Kor 10:14-22 staan die bekende woorde: "Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood ... Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die demone nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die demone nie.

Hierdie gedeelte staan in die groter konteks van Paulus se woorde op die Korintiërs se vraag of hulle van die afgode se offervleis mag eet al dan nie (8:1 - 10:33). Die besondere bydrae van die perikoop tot Paulus se argumente is dat hy daarin aantoon dat 'n mens nie by 'n religieuse maaltyd van enige aard kan gaan aansit sonder om

daardeur gemeenskap te beoefen en te betuig nie. Waar hy in vers 16-17 oor die nagmaal skryf, doen hy dit dan nie om iets nuuts oor die nagmaal as sodanig mee te deel nie, maar uitgaande van die nagmaal as 'n bekende maaltyd by sy lesers, gebruik hy dit as 'n basis vir vergelyking waarvandaan hy sy standpunt ten opsigte van die heidense offermaaltye verduidelik.

In die gedeelte vergelyk Paulus die offermaaltye van die afgode (waaroor die hele hoofstuk) met twee ander (vir sy lesers) bekende maaltye, naamlik die nagmaal en die Ou Testamentiese offermaaltye. Dit doen hy in verse 14-18. Daarna gee hy 'n interpretasie van die vergelyking in verse 19-22 naamlik dat afgodedien beteken om gemeenskap met die demone te hê.

Ten opsigte van die brood by die nagmaal, bring hierdie verse die volgende na vore: (1) dat die nagmaalsganger deur die eet en drink van die brood en die beker sy gemeenskap met Christus ondubbelsinnig verklaar (2) dat die brood by die nagmaal van nog 'n ander gemeenskap getuig, naamlik 'n gemeenskap van die gelowiges.

Hiermee weerlê Paulus 'n argument wat die Korintiërs ook sou kon gebruik, naamlik dat hulle as individue by die etenstafel in die afgodstempels sou gaan aansit. Hy maak egter die punt duidelik: as jy saam eet, assosieer jy jou onweerlegbaar met jou tafelgenote. So is dit immers by die nagmaal.

Tersake getuienis oor die beker by die nagmaal

Die "beker" word in die Nuwe Testament in letterlike en figuurlike sin gebruik. Letterlik verwys dit na 'n drinkbeker wat in die Palestynse huis 'n gewone gebruiksartikel was (bv Luk 11:39). Dit was 'n erdebak wat volgens tipies Oosterse gebruik volgemaak op die tafel gestaan het. Daar is onsekerheid of daar by etes gemeenskaplik uit die beker gedrink is.

Soos die breek van die brood destyds 'n bepaalde gevoelswaarde gehad het, was dit ook die geval met die drinkbeker. Hierdie gevoelswaarde kom na vore in 'n figuurlike betekenis wat ontleen is aan die Ou Testament. In die Ou Testament word meermale verwys na die beker in die hand van die Here (bv. Ps 75:9), gewoonlik as heenwysing na die Here se beskikking oor die mense se lewe. In die Here se hand kan 'n beker van toorn wees (bv. Jes 51:17, Open 14:10) of 'n beker van lyding (bv. Mat 26:39,42). Dit kan egter ook 'n beker van verlossing wees (Ps 116:13), so vol blyke van die Here se genade, dat die bevestigde se beker oorloop (Ps 23:5). In aansluiting by die beker van verlossing wat die Here vir sy volk by Egipte verhef het, is die beker (letterlik) van danksegging (dus: tog ook met figuurlike betekenis) by die pasga gedrink; by die nagmaal word die beker van danksegging gedrink uit dank vir die verlossing wat God in Christus bewerk het.

Hieruit is dit duidelik dat die drinkbeker by die nagmaal wel 'n gewone gebruiksartikel is, maar beslis ook figuurlike betekenis dra: dit wys heen na God se beskikking oor die mens: die genadige verlossing wat Hy in Christus bewerk het.

Die genitief "van die Here" kan besitter aandui (die beker wat aan die Here behoort). In die lig van wat hierbo genoem is, moet dit eerder beskou word as subjektiewe genitief (die Here gee die beker), of objektiewe genitief (die beker verwys na die Here), of genitief van verhouding (die beker stel 'n mens in 'n bepaalde verhouding met die Here).

Die beker as simbool van gemeenskap

Die verhouding waarin die nagmaalganger met die Here gestel is, is dié van "koinonia". Met dié woord dui Paulus "gemeenskap" in die sin van "onlosmaaklike verbondenheid" aan. Dit is belangrik om daarop te let dat die beker nie die bloed van Christus versimboliseer nie (sy bloed word deur die wyn versimboliseer), maar die gemeenskap met sy bloed. Daarmee sluit Paulus aan by die betekenis wat die Here self aan die nagmaalsbeker verleen het, naamlik dat dit "die nuwe verbond van sy bloed" aandui: die gemeenskaplike beker dui aan dat almal deel het aan die een bloedstorting van Christus aan die kruis. Die gemeenskap met die beker van Christus is dus simbool van gemeenskap tussen die mens wat uit die beker drink en die vrug van die dood van Christus, naamlik die vergewing van sondes en die versoening met God.

Net soos die brood (vers 17) getuig die beker by die nagmaal van die gemeenskap van die gelowiges. Die feit dat vers 17 nie na die beker verwys nie, kan nie as argument gebruik word om te beweer dat die beker nie van so 'n gemeenskap sou getuig nie. Inteendeel, die verloop van die perikoop dui daarop dat Paulus hier van 'n doelbewuste verwysing gebruik maak: die tweede been van 'n verwagte parallellisme word verswyg. In vers 16 het hy die duidelike parallelle betekenis van beker en brood gestel. Dit lei tot die verwagting dat hy dieselfde parallel in vers 17 gaan stel. Hy doen dit egter nie - nie omdat die parallel nie bestaan nie, maar omdat die leser vanuit die voorafgaande parallel in sy gedagtes die parallel moet raak sien (vgl. ook Rom 8:12). Die bedoeling van vers 17 is dus duidelik dat, net soos die brood, ook die beker van die gemeenskap van die gelowiges getuig.

Die beker van die demone

Paulus verwys in vers 21 na die beker van die demone. Sover bekend was daar in Korintiese afgodstempels nie 'n fisiese "beker van die demone" gedrink nie. Die woorde is egter 'n verwysing na alle handeling wat met afgodediens verband hou, wat in vers 20 aan die demone verbind is. Dus: wie gemeenskap met die gekruisigde Jesus Christus het (soos in die nagmaal uitgebeeld en beseël word), kan nie te doen hê met aktiwiteite wat met afgodediens

verband hou (dit is die beker van die demone drink) nie.

Samevatting oor beker

Die beker (asook die brood) is deur die Here by die nagmaal gegee as simbool (teken en seël) van gemeenskap met die dood van Christus tot vergewing van sondes en versoening met God, dit wil sê as simbool van die nuwe verbond in sy bloed. Daarom, wie die beker van die nagmaal drink, getuig daarmee dat hy hom met die betekende saak vereenselwig, naamlik dat hy gemeenskap het met die een en enige soenoffer van Christus aan die kruis. Daarom ontvang die nagmaalsganger die beker en brood nie op indifferente wyse nie maar tot lofprysing van God terwyl sy hart in dankbaarheid na God opgaan.

Skrifgetuienis oor die tafel

In die Afrikaanse vertaling kom die woord "tafel" op verskeie plekke voor sonder dat dit in die oorspronklike Grieks voorkom. Tog kom die Griekse woord vir "tafel" drie keer uitdruklik voor met die betrekking tot die nagmaal.

(1) By die instelling van die nagmaal (Luk 22:21) sê Jesus: "Maar kyk, die hand van hom wat my verraai, is by my aan die tafel.

(2) In Luk 22:29-30 word na die "tafel" verwys as deel van die nagmaal se belofte-verwysing na die hiernamaals (eskatologiese boodskap): "En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel. Dus: die feit dat julle nou op aarde kan aansit "aan my tafel", is teken en seël dat julle ook in my hemelse koninkryk eendag sal aansit saam met my aan my koningstafel.

(3) Die derde keer is in 1 Kor 10:21 "Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die demone nie; julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die demone nie.

Hier word die nagmaalsviering dus uitdruklik beskryf as "deel hê aan die tafel van die Here". Daarom kan aanvaar word dat die "tafel van die demone", net soos "die beker van die demone" waarskynlik nie letterlik opgeneem moet word nie, maar figuurlik. Dit is duidelik uit die verband dat Paulus daarmee verwys na die offermaaltye in die heidentempels. Die punt wat Paulus maak, is dat Christene wat aan die heidense offermaaltye gaan deelneem, daarmee onmiskienbaar getuig dat hulle gemeenskap met die offer en met die heidene het.

Getuienis

Hy vergelyk dit dan met die tafel van die Here. Om deel te hê aan die tafel van die Here beteken om aan die nagmaal van die Here deel te neem. Wie by die tafel van die Here gaan aansit, dit wil sê aan sy nagmaal gaan deelneem, is nie maar net met 'n maaltyd besig nie maar met 'n getuienis - 'n getuienis van gemeenskap met die gekruisigde

(liggaam van) Christus en getuienis van gemeenskap met die gelowiges. 'n Mens kan nie onverskillig aan die nagmaal deel hê nie. Dit is onteenseglik 'n aktiewe daad van getuienis.

Nêrens in die Skrif is daar direkte liturgiese voorskrifte dat die nagmaalsgangers by 'n fisiese tafel (van watter aard ook al) aangesit of aangelê moet word nie. Die Here het egter die nagmaal onteenseglik ingestel as 'n maaltyd waarby gelowiges moet saam kom. By die maaltyd gaan dit nie bloot om dit wat geëet en gedrink word nie. Deur aan die maaltyd deel te neem is die nagmaalsganger aktief besig met 'n daad van getuienis en verkondiging. Deur deelname aan die maaltyd word getuig van persoonlike onderlinge geestelike gemeenskap van almal wat om die maaltyd vergader is. Deur deelname aan die maaltyd getuig en verkondig die nagmaalsgangers hulle gemeenskap met die kruisoffer van Christus.

Liturgies behoort die nagmaal dan so ingeklee te word dat dit op die duidelikste moontlike manier as 'n maaltyd sigbaar is en dat die deelnemers se deelname op die duidelikste moontlike manier 'n getuienis en verkondiging sal wees van: - hulle onderlinge gemeenskap - hulle gemeenskap met die kruisoffer van Christus.

★ ★ ★ ★ ★

DIE WêRELD IS ONS WONING - Christelike kultuurtaak

Dr. C. van der Waal

(Verkorte toespraak van voor die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys te Bloemfontein, 1980)

Ons ken die gedig van Totius: "Die wêreld is ons woning nie". Dis nie onmoontlik dat ons in hierdie gedig te make het met 'n nadigting van 'n Amerikaanse godsdienstige liedjie: "This world is not my home, I'm just a-passin' through". Hierdie wêreld is nie my huis nie, ek is maar 'n deurtrekker.

Pelgrims?

Ons word hierin gekonfronteer met die pelgrimsgedagte, wat eweneens in Totius se Psalmberyming aan die woord kom (vgl. Ps 118:9, 119:17, 19). Ook John Bunyan se "Pilgrim's Progress" (deel 1:1678, deel 2) kom in ons gedagte en 'n deurwerking daarvan vind 'n mens in die meditatiese taal. Ons kan nog verder teruggaan en dink aan die rol van die reisiger (viator) in die teologie van die middeleeue. Die uiters belangrike vraag dring hom op: Is ons werklik pelgrims op aarde? Is die kerk hier slegs, om met E. Käsemann te spreek, 'n Godsvolk op trek?

Maar daar staan tog in Psalm 115:16: Die aarde het Hy aan die mensekinders gegee. Is die aarde dan

tog ons woning? Dit is die probleem. Is ons slegs op reis na die hemel terwyl ons "aardse taak" eintlik bysaak is, of het ons hier 'n baie belangrike taak en roeping waardeur ons hier allesbehalwe vreemdelinge en pelgrims is? Ons wil poog om vanuit die Skrif self 'n antwoord op hierdie vrae te vind. Dit is nogal interessant om die Engelse vertalings van Heb 11:13 na te gaan. Die genoemde "vreemdelinge en bywoners" word vertaal met "strangers; pilgrims; foreigners; exiles; passing travellers; nomads; refugees; aliens".

"Vreemdeling" was in die Bybelse tyd die aanduiding van die (deur)trekker-veeboer wat van die gevestigde bevolking die reg verkry het om sy vee te laat wei. Uit Gen. 32:15 blyk dit dat dit soms deur middel van 'n verbond gereël is (Gen 21:22-34). "Vreemdeling" en "bywoner" dui dus die regsposisie van die nomades soos die patriarge aan. Hulle was geen eienaars van grond nie, maar het wel erkenning en ook wel beskerming geniet.

Daar is goeie rede om te stel dat "die wêreld is ons woning nie" nie die lyflied van die aartsvaders was nie, maar eerder Ps 52:13 "sy nageslag sal die land besit". Die woord "vreemdeling" wat vir Abraham gebruik word, beteken allermens dat hy geen belangstelling gehad het in wat ons "kultuur" noem nie, omdat hy sogenaamd 'n reisiger na die hemel was.

Nie vergeestelik

Vanuit die eenheid van die Skrif bedoel die Nuwe Testament dieselfde met "vreemdeling en bywoner" as die Ou Testament. Die woord "vreemdeling en bywoner" mag nie vergeestelik word en dus opgevat word as aanduiding van iemand wat ongeïnteresseerd is ten aansien van sy taak op aarde omdat hy eintlik 'n pelgrim na die hemel is nie. Daarom is die vertaling "pelgrim" absoluut misleidend en onjuis.

In Heb 11:9 staan dat Abraham 'n vreemdeling was in die land van belofte, terwyl hy in tente gebly het. Abraham het die belofte van die verbond ontvang en daarin geglo. Daarom kon hy dit uithou om in die regsposisie van 'n nomadiese gas te bly, hoewel die land eintlik volgens belofte syne was. Wanneer vertalings in Heb 11:13 van "vreemdelinge en bywoners op die aarde" spreek, moet ons bedink dat ons net so goed kan vertaal met "op/in die land" van die belofte. Daardie land was die aanstaande nuwe vaderland. Ons moet by vers 16, waar sprake is van 'n "beter, dit is 'n hemelse vaderland" nie aan die hemel dink nie, maar aan Kanaän self. "Hemelse" as byvoeging by vaderland mag nie platonies uitgelê word nie. Dit sou beteken dat die egte vaderland, die ideale "vaderland", in die hemel was.

"Hemels" beteken egter hier iets anders. Dit beteken dat die vaderland "Kanaän" deur die hemel gegee is. Die aartsvaders het die vervulling van die land-belofte van die hemel, dit wil sê uit die hande van God ver wag. Die pelgrimsgedagte kan hom dus

nie op Heb 11 beroep nie, soos byvoorbeeld deur F.W. Grosheide. Met platoniese apparatuur word hier die pad vir die pelgrimsgedagte oopgehou. In feite word hier belangrike toegewings gemaak aan die gnostiese gedagte van die skepping wat aan 'n Demiurg, 'n aparte god, toegeskryf word, terwyl die herskepping dan eintlik die verlossing van die skepping is. Die piëtisties-mistieke hantering van die pelgrimsgedagte leun teen hierdie denkskema aan en beskou die reële, die "aardse" as onbelangrik, terwyl die eintlike, die werklike, die ideale, die hemelse is.

Op hierdie manier word die ideale Abraham 'n allegoriese voorbeeld vir elke Christenmens wat ook maar op hierdie aarde op trek is. Dit is egter ongeoorloof om die Abraham van Genesis met sy regte vee wat regte water gedrink het, eenkant te sit of te verspiritualiseer ten gunste van 'n soort mistieke Abraham wat volgens Hebreërs maar in hoëre sfere sou geleef het. Dit is 'n tyd dat daar 'n einde kom aan hierdie vreemde soort van allegoriese eksemplarisme wat in die skool van Philo en Origenes tuishoort en slegs van 'n pelgrimstog van die siel geweet het. In feite ontnem hy wat so 'n dosetiese Abraham predik (en op hoeveel preekstoel gebeur dit nog vandag!), die troos aan mense van vlees en bloed wat hier en nou die geloof van vader Abraham wil navolg en hul eie konkrete taak wil verrig.

Wanneer verder in 1 Pet 2:11 van "vreemdelinge en bywoners" gepraat word, word hier 'n aanduiding van die regsposisie van die Christene gevind. Hulle is deur die ander tot vreemdelinge gemaak. Ons kan hier aan die Romeine dink, maar ook aan die Jode wat aan kerklede min regte toegestaan het.

Daar is egter geen enkele rede om hierdie term ten gunste van die pelgrimsmotief op te vat nie. Die verband wys daarop dat hier van Christene, wat midde in die lewe staan, gepraat word. Daar is sprake van goewerens (2:14), meesters (2:18), manne en vroue (3:1,7). Die punt is nie of hulle al of nie in die lewe staan nie maar HOE hulle daarin staan. Nêrens word 'n lewensontvlugting aanbeveel nie. 'n Ontmitologisering van die pelgrims- en die vreemdelingsgedagte is noodsaaklik om verantwoord op vrae insake roeping en beroep te kan antwoord.

Die feit dat Calvyn wel van die lewe van die Christen soos 'n pelgrimasie gespreek het, mag ons nie daartoe verlei om hom hierin te volg nie. Calvyn het ook duidelik positiewe uitsprake oor roeping en beroep gedoen en dit mag nie vergeet word nie. Beslissend is verder die Skrif self in sy eenheid. Die Skrif plaas ons nie op die pad van 'n etiek van die pelgrimasie nie, maar van die hemelse roeping, 'n roeping wat deur die hemel bepaal is en bepalend is vir ons reële en konkrete taak.

★ ★ ★ ★ ★

BOEKRESENSIE:

Is die kerk funksioneel?

Gedagtes oor gereformeerde kerkvernuwing in 'n post-moderne konteks.

Prof. J.M. Vorster.

Potchefstroomse Teologiese Publikasies, 1996, 227 bladsye.

Verkrygbaar by: Posbus 20004, Noordbrug 2522.

Resensie deur A.L.A. Buys

Formele aspekte

Hierdie boek het tydig die lig gesien. Die skrywer wil vernuwende denke gee oor die kerk in 'n drasties veranderende wêreld. Die boek is netjies en goed versorg, die bronnelys getuig ook van wydbelesenheid. Die boek ontvou in tien hoofstukke, waarvan die eerste hoofstuk die post-moderne agtergrond wil skets en die laaste nege konkrete voorstelle aan die hand doen oor die trefwydte van vernuwing.

Die boek opereer baie met die term "paradigma". Die wortels daarvan word goed aangetoon as komende van Kuhn in 1970 met sy epogmakende boek "The structure of scientific revolutions" (Chicago). "Hierdie paradigma is dus 'n werklikheidsbeskouing wat in die eerste plek navorsers se uitgangspunte en benaderings tot die veld van ondersoek bepaal" (p.11). Verskeie teologiese dissiplines is deur die siening van Kuhn beïnvloed. Die uitgangspunt is dus deurentyd dat elke teologiese standpunt deur so 'n paradigma gefilter word en dat paradigmas mekaar verdring en vervang.

Vorster is die mening toegedaan dat daar in die gereformeerde teologie (en dan veral ekklesiologie) gerbuik gemaak kan word van die insigte aangaande paradigmas, terwyl hy tog 'n begrensing daaraan wil verleen. Hierdie begrensing vind hy in die definisie dat teologie 'n studie van die Openbaring van God is. Hy stel dit as voorwaarde dat relatiwiteit met betrekking tot essensiële geloofswaarhede vermy moet word. Op die voetspoor van David Bosch (veral sy boek "Transforming Mission. Paradigm shifts in Theology of Mission" (New York)), moet hierdie relatiwisme beperk en vermy word deur Christelike dialoog. Vorster se aanwending van paradigmas stel hy soos volg: "Die gereformeerde Ekklesiologie kan met bogenoemde voorwaarde (vermyding van relatiwisme deur Christelike dialoog - A.L.A.B.) met vrug gebruik maak van die insigte oor paradigma en paradigmaverskuiwings soos dit tans ook in die Teologie beredeneer word. Die vaste onveranderbare openbaringsgegewe van die kerk moet egter duidelik gehandhaaf word" (p.13). Hy stel dan ook dat vanuit gereformeerde perspektief

twee onveranderlike beginsels in enige paradigmaverskuiwing gehandhaaf behoort te word nl. wat bely word in N.G.B. 27 en 30 wat handel oor die kerk as vergadering van geroepe gelowiges en die bestuurswyse van die kerk.

Met hierdie uitgangspunt moet die nuwe situasie waarin die kerk bestaan, aangespreek word. Die nuwe situasie is waar die post-moderne mens sekere behoeftes het wat aangespreek moet word, en tweedens dat gewerk moet word met die beeld van "sender-boodskap-dekodeerder-ontvanger". Dit is dan ook die verklaring vir die titel van die boek: Is die kerk funksioneel? En die bedoeling is dan of die behoefte van die post-moderne mens effektief aangespreek word. Vorster vind hom eens met die pleidooi van Zylstra (Church growth in a pluralist Society, Pro Rege, Sept 1992) dat sonder om die kerk se historiese vorme te bemark moet die etiese beginsels oorgedra word. "So word 'n konkrete moderne verwagting effektief aangespreek. Bybelse waarhede moet dus so ingeklee en bedien word dat die post-moderne mens met sy unieke geestelike instelling dit kan integreer in sy lewensbeskouing en beoefening van spiritualiteit" (p18).

Om hierdie verwagtings effektief aan te spreek, moet vernuwing aangebring word. Hiervoor sien Vorster dat die koninkryk van God as paradigma vir kerkvernuwing 'n groot bydrae kan lewer. Hy sien ook die koninkryk as 'n sentrale Bybelse motief wat in hierdie eeu in die gereformeerde teologie baie aandag gekry het. Openbaringshistories sien hy die tema ontwikkel aan die hand van drie stadia nl skepping, sondeval en verlossing.

Nadat enkele beelde waarmee die kerk in die Skrif aangedui word, bespreek is, kom hy tot dié gevolgtrekking: "Geloofsgemeenskap met God, Christusregering, gemeenskap en roepingsvervulling is die peilers waaraan kerkmodelle, bediening en kerkvernuwing getoets moet word" (p 59).

Die gehore wat na preke moet luister, word deur die rekenaarwêreld en post-modernisme radikaal beïnvloed. Die post-modernis glo nie meer aan objektiewe waarhede nie, maar aan relativisme. "Wat vandag waar is, kan môre vals wees, afhangende van die paradigma waaruit na die werklikheid gekyk word" (p 69). Die post-modernis is primêr ingestel op spiritualiteit en is godsdiensvriendelik indien sy gevoels- en ervaringsveld aangespreek word. Die prediking moet vernuwe word deurdat die klem gelê moet word op die amptelike prediking as loodregte spreking van God wat tot geloof en bekering oproep.

Die erediens moet ook in die raamwerk van die Bybel voortdurend vernuwe word. Dit sluit in sake soos wat die karakter van 'n erediens moet wees (as ontmoeting van God en sy volk) tot die verskillende liturgiese elemente. Daar mag nooit in die erediens 'n formalisme of stagnasie voorkom nie.

Belewing van onderlinge liefde moet soos volg aangespreek word: "Bedieningspatrone moet voortdurend ondersoek en aangepas word om op grond van die Bybelse beginsels vir bediening die post-moderne mens se soeke na gemeenskap effektief aan te spreek" (p 125). Ook evangelisering moet vernuwe deur weer klem op die amp van die gelowige te lê, en daarin kan kleingroepbediening ook 'n positiewe rol speel. Die kerk moet ook nog steeds die nood van die wêreld met roepingsbewuste diakens aanspreek. Wat die ekumene aanbetref, moet 'n verskeurde kerk as 'n sonde bely word en moet daar gestreef word om geestelike eenheid ook in die praktyk sigbaar te maak. Nadat die hoogs aktuele verskil tussen Kuyper en Schilder oor die kerk uitgelig is, asook die invloed van die Wysbegeerte van die Wetsidee, word gestel dat die kerk se getuie Christus se heerskappy oor al die fasette van die mens se bestaan moet wees.

Beoordeling

Die boek word waardeur as 'n eerlike en deurtastende poging om vanuit gereformeerde kring die kerk in sy huidige konteks aan te spreek. Daar word by die Skrif en belydenis gebly as daar oor die kerk gepraat en voorstelle oor die vernuwing aan die hand gedoen word.

Tog word daar onvesigtig met paradigmas gewerk. Dit kom voor vanuit Vorster se siening dat waarheidmomente in die wetenskap geldig is. Hiervolgens word, al word daar mindere kritiek teen Kuhn uitgespreek, tog voortgegaan om Kuhn se uitgangspunt te gebruik met betrekking tot paradigma en die opvolging van paradigmas op mekaar. En dis hier waar die boek homself in die voet skiet. Kuhn se paradigma-teorie werk juis 'n post-modernistiese relativisme aan die hand. Vorster oortuig dat hy geensins relativisme in die teologie wil toelaat nie - of hy egter daarin slaag, is 'n ander vraag. 'n Paar vrae kom na vore as 'n paradigmatische aanpak in die ekklesiologie bepleit word:

* Vorster stel twee beperkings voor wat as 'n vaste, onveranderbare openbaringsgegewe moet geld. In watter mate is onveranderbares en veranderlike paradigmas in die teologie versoenbaar?

* Word sy twee beperkings paradigmatis bepaal? Indien wel, is dit per definisie veranderbaar sodra 'n ander paradigma (naas dié van die koninkryk) gebruik word. Indien sy twee beperkings nie deur die veranderbare paradigma bepaal word nie, dien dit geen doel om so met paradigmas te werk nie, aangesien sy siening oor die openbaringsgegewe die werking van paradigmas - soos Kuhn dit sien - onmoontlik maak. Heel konkreet gestel: hoe lank gaan die koninkryk van God as paradigma aangewend word voordat dit ingeruil of verdring word deur 'n ander? Paradigmas veronderstel verstelling en die vervangbaarheid daarvan. Hierdeur is Vorster, alhoewel onbedoel, tog deeglik in relativistiese waarwater.

* Is sy klem op Christelike dialoog nie 'n ander benaming vir demokrasie in die wetenskap nie? Hoe verskil hierdie Christelike dialoog van die post-modernis se standpunt dat die geldigste heersende teorie (demokraties) deur die meerderheid wetenskaplikes daargestel word? Wat is die verband tussen die Christelike dialoog, wat relativisme moet weer, en die uitleg wat die Heilige Gees van die Skrif gee soos wat in NGB 1-5 bely word? Waarom moet relativisme net tot die groot geloofswaarhede beperk word? Wie bepaal wat is rand-openbaring en wat staan in die sentrum?

* Vorster stel hom bloot aan relativisme. Dit word veral duidelik as dit kom by sy uitgangspunt en sy voorstel oor die vernuwing van die prediking. Sy uitgangspunt is dat hy "vanuit gereformeerde perspektief" (p13) werk. Binne gereformeerde kring is dit aanvaarbaar en deur sy aanvaarding van die paradigma-teorie sal hy ook as 'n gespreksgeenoot in die post-moderne milieu aanvaar word. Sy prediking-vernuwing stel ten regte voor dat bely moet word dat God direk met mense praat. Wanneer hierdie waarheid op die los voetstuk van 'n "gereformeerde paradigma" geplaas word, word nie ontkom aan uiteindelijke relativisme nie, aangesien aan die begin gestel is dat die gereformeerde belydenis ook maar een van die veranderbare paradigmas is, bloot 'n gereformeerde perspektief. Hierdeur word enige effektiewe bekeringsappél op 'n post-modernis by die wortel afgesny. Die groot nood van die post-modernis is dat hy hom van sy verruilbare veranderbare paradigmas moet bekeer waaraan hy momenteel die vlaggie "waarheid" aanheg. Tereg word gestel dat God se oordeel ook verkondig moet word (p 196), maar die vraag na effektiwiteit is juis opgesluit in die ontmaskering van paradigmas en nie in die aansluiting daarvan nie. Waarom sal 'n post-modernis hom bekeer as hy bloot vanuit gereformeerde perspektief oor die oordeel van God aangespreek word. Is die oordele van God aan die paradigma gebind? Die debat oor paradigmas is in essensie 'n vraag na waarheid en dwaling, na die gesag van die Skrif. Daarom is Vorster in die kol om die openbaringsgegewe as vertrekpunt te stel. Dit vereis egter om paradigmas se opvolging, asof die evangelie daardeur gerig word, uit en af te wys. Dit is maar een van twee: óf openbaring óf die menslike paradigma wat rus op skeptisisme van die kennende mens. Dit kan nie beide wees nie. God se openbaring moet egter alles bepaal. Waar die paradigma-vertrekpunt (as waarheidmoment) 'n staanplek gegee word, hoe gekwalifiseer ookal, is die deur onafwendbaar vir relativisme oopgemaak. Vorster is met sy vernuwingsvoorstelle by die gereformeerde belydenis, maar met sy uitgangspunt, waarop die vernuwing moet rus, via Kuhn by Kuitert - die mens kry met sy paradigma 'n vennootskaplike aandeel in die openbaringsweg van God. Op grond waarvan gaan Vorster sy twee beperkings verdedig, op grond van die openbaring of paradigma?

Laastens is Vorster se weergawe van kritiek op die Wysbegeerte van die Wetsidee, soos veral die kritiek van Schilder, baie aktueel. Dooyeweerd het op die gereformeerde denke in Suid-Afrika 'n groot

invloed uitgeoefen. Dit is egter jammer dat alte dikwels Vollenhoven ook oor dieselfde kam geskeer word as Dooyeweerd - met die gevolg dat die regmatige kritiek op Dooyeweerd oorgedra word op Vollenhoven, wat daartoe lei dat Vollenhoven dikwels nie die aandag kry wat hy verdien nie. Vollenhoven verskil van Dooyeweerd en hy bied ook 'n goeie vertrekpunt teen die post-modernisme (vgl. Johan Stellingwerff se "D.H.Th. Vollenhoven [1892-1778] Reformator der wijsbegeerte" 1992, veral hoofstukke 12-15). Vollenhoven het 'n groot bydrae gelewer om aan te toon dat wetenskap sonder waarheidmomente, nie net moontlik is nie, maar dringend noodsaaklik is. Om die waarheid te sê, dit sien hy as reformasie. Alhoewel hy met die filosofie besig was, kan die teologie sy bydrae nie verwaarloos nie. Vorster stel dat die koninkryk, as paradigma, 'n sentrale lyn van die Bybel is. Vollenhoven sal egter stel dat die lyn van "skepping, sondeval en verlossing" en die "koninkrykslyn" reeds 'n kosmologiese verskralling is. (Vgl. Vollenhoven se "Het Calvinisme en de reformatie van de wijsbegeerte", 1933, p 21 en Taljaard se "En dit was aand en dit word môre - die sewende dag" 1995, p 1-6). 'n Ekklesiologie wat met waarheidmomente werk, gaan mank aan deurtastende reformasie.

In die woorde van Taljaard kan afgesluit word: "Ook die postmodernisme met sy skeptisisme, strukturalisme, kontekstualisme en metaforisme bied vandag antwoorde wat ontoereikend is en die vervalsings net verder voer". Vorster wil dat die kerk van God effektief sal wees in hierdie post-moderne wêreld. Hy slaag om met sy boek 'n bewustheid oor die bedreiging van post-modernisme aan te kweek. Hy slaag egter nie om die post-modernisme 'n nekslag toe te dien en die vervalsings te stuit nie, aangesien hy poog om met post-moderne boumateriaal, metaforisme en paradigmas as vertrepunte, 'n gereformeerde huis te bou. Dit sal blyk onmoontlik te wees. Dit is óf God se openbaring, wat nooit verander nie, wat die mens effektief aanspreek en verander, óf die mens wat met sy paradigmas 'n hand in God se openbaring wil kry tot medeseggenskap. Beide sal nie deug nie.

Vorster se boek kan van harte aanbeveel word, ook vir sy historiese insigte wat hy telkens gee. Dit is stimulerende leesstof. Die hoop word uitgespreek dat hierdie boek dien tot 'n dieper gesprekvoering oor post-modernisme en die kerk se rol daarteen.

★ ★ ★ ★ ★

Grondslae

van

Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking van God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej.

Adres:.....

Poskode:.....

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:.....

Datum:.....

Handtekening:.....

Stuur u inskrywingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u